basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

TOERISME

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

ONDERWYSERRIGLYNE

GRAAD 12

2023

Hierdie onderwyserriglyne bestaan uit 19 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

Bladsye

AFDELING A

1. INLEIDING **3**

1.1 Onderwysersopleiding om kandidate vir die 2023-PAT voor te berei 4
1.2 Kernvaardighede in die 2023-PAT verweef 4

AFDELING B

2. ONDERWYSERRIGLYNE: ADMINISTRASIE, VERANTWOORDELIKHEDE EN MODERERING **5**

2.1 Administrasie van die PAT 5
2.2 Die verantwoordelikheid van die provinsie, distrik en onderwyser 6
2.3 Riglyne vir die nasien van die PAT 7
2.4 Amptelike PAT-puntestaat 8
2.5 Moderering van die PAT 9
2.6 Bywoningsregisters (Dag 1 en Dag 2) 13
2.7 Verklaring 15
2.8 PAT-bestuursplan-templaat 16

AFDELING C

3. BEMIDDELING VAN DIE PAT MET KANDIDATE **17**

3.1 Inleiding tot die PAT 17
3.2 Struktuur van die PAT 17
3.3 Tydraamwerke 17
3.4 Administrasie van die PAT 18
3.5 Afwesigheid/Nie-indiening van die PAT 18

AFDELING D

4. GEVOLGTREKKING **19**

AFDELING A

1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe, Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika en -ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 100 punte van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die skooljaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

Die doelwitte van die Toerisme-PAT:

- Ondersteun volhoubare toerisme in Suid-Afrika
- Ondersteun regeringsinisiatiewe om volhoubare toerisme in Suid-Afrika te bevorder met die visie om die lewensgehalte van Suid-Afrikaanse burgers te verbeter
- Ontwikkel ondernemingsvaardighede en 'n ondernemingsgees
- Verbeter die kanse om in diens geneem te word
- Bevorder kritiese denke
- Ontwikkel probleemoplossingsvaardighede
- Ontwikkel navorsings- en ontledingsvaardighede
- Versterk kommunikasievaardighede
- Bevorder taal oor die kurrikulum
- Ontwikkel 'n kultuur van toerisme by millennials as belanghebbendes om toerisme in Suid-Afrika volhoubaar te maak
- Ontwikkel digitale en sosialemedia-vaardighede
- Ontwikkel finansiële bestuursvaardighede
- Bevorder die ontwikkeling van die kunste
- Bevorder oorspronklikheid en kreatiwiteit/ontwerpvaardighede
- Skep bewustheid van nuwe ontwikkelings in die toerismebedryf in Suid-Afrika
- Sluit geleenthede vir veelvuldige leervermoëns in
- Fasiliteer vak-integrasie deur begrip te toon vir die wêreld as 'n stel verwante stelsels deur te besef dat probleemoplossingskontekste nie in isolasie bestaan nie

1.1 ONDERWYSERSOPLEIDING OM KANDIDATE VIR DIE 2023-PAT VOOR TE BEREI

Om kandidate deeglik vir die 2023-Toerisme-PAT voor te berei, moet onderwysers kennis neem van die feit dat daar 'n duidelike verskil is tussen die onderrig van inhoud en **om kandidate met toepaslike vaardighede toe te rus om die PAT te voltooi**.

Dit is dus noodsaaklik dat onderwysers opgelei word om kandidate se vaardighede te ontwikkel en te versterk. Dit is die onderwyser se verantwoordelikheid om toe te sien dat kandidate voldoende voorberei is vir die uitvoering van die PAT.

Daar word sterk aanbeveel dat provinsiale onderwysdepartemente toesien dat Toerisme-onderwysers voldoende bemagtig/opgelei word om kandidate voldoende vir die 2023-Toerisme-PAT voor te berei.

1.2 KERNVAARDIGHEDE IN DIE 2023-PAT VERWEEF

VRAE	INHOUD VAN DIE VRAE	VAARDIGHEDE
1.1–1.2	Die keuse van opsies en pakkette	Lees; interpretasie; datahantering; analitiese denke; evaluering; beplanning; besluitneming; probleemoplossing; wiskundige; skryf
2.1–2.2	Gesondheid en veiligheid	Lees; interpretasie; kritiese denke; analitiese denke; besluitneming; skryf; kreatiwiteit
3.1–3.3	Fasiliteite en dienste	Lees; interpretasie; kritiese denke; analitiese denke; evaluering; wiskundige; begroting
4.1–4.3	Beplanning en ontwerp	Lees; interpretasie; kritiese denke; analitiese denke; evaluering; kreatiwiteit; ontwerp
5.1–5.2	Volhoubaarheid en KSB	Lees; interpretasie; kritiese denke; analitiese denke; datahantering; evaluering; skryf
6.1–6.2	Loopbane en loopbaangeleenthede	Lees; interpretasie; kritiese denke; analitiese denke; evaluering; refleksie; skryf en kommunikasie
7.1–7.2	Werksetiek	Lees; interpretasie; kritiese denke; analitiese denke; evaluering; besluitneming
8	Refleksie/Besinning	Kritiese denke; evaluering, refleksie; sintese; skryf

- Dit is die plig van die provinsies om te verseker dat alle Toerisme-vakadviseurs opleiding ontvang oor hoe om die kernvaardighede hierbo wat in die 2023-PAT weerspieël word, met die onderwysers te bemiddel.
- Onderwysers moet in hulle daaglikse/weeklikse beplanning voorsiening maak vir die onderrig en ontwikkeling van vaardighede.
- Die vordering met die bereiking van hierdie vaardighede moet informeel geassesseer word.
- Onderwysers moet toesien dat al die kernvaardighede voldoende ontwikkel is voordat die formele PAT-assessering vir 2023 begin.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

2. ONDERWYSERRIGLYNE: ADMINISTRASIE, VERANTWOORDELIKHEDE EN MODERERING

Hierdie riglyne moet saam met die verkorte weergawe van die aangepaste Hoofstuk 4 van die *KABV* vir Toerisme ('Abridged Section 4 Amendments of the *CAPS* for Tourism') (Implementering: Januarie 2021, Verwysingsnommer 4.4.5 – Praktiese Assesseringstaak) gelees word.

2.1 Administrasie van die PAT

2.1.1 Die onderwyser se PAT-portefeulje

Daar word van elke onderwyser verwag om 'n PAT-portefeulje saam te stel wat die volgende bevat:

- Voorblad met die naam van die skool, die onderwyser, die vak en die jaar van assessering
- Assesseringsrooster van die skool, wat die Toerisme-PAT-assesserings-datums toon
- PAT-bemiddelingsplan (sluit templaat TOER05 in)
- Die PAT-onderwyserriglyne
- Amptelike PAT-puntestaat (TOER01)
- Amptelike modereringsinstrument (TOER02)
- Bewys van alle vlakke van moderering (modereringsverslae)
- Bywoningsregisters (TOER03)
- Verklaring (TOER04)

2.1.2 Bestuur van die PAT

- Hierdie praktiese assesseringstaak is die enigste amptelike PAT vir Toerisme-kandidate in graad 12 in 2023. Die PAT mag onder GEEN omstandighede met enige alternatiewe praktiese assesseringstaak vervang word NIE. Die PAT is 'n verpligte komponent van die finale eksterne eksamen vir Toerisme.
- Die hulpbronpakket van die 2023-PAT sal aan skole vrygestel word voor die skryf van die PAT, wat aan onderwysers die geleentheid bied om die hulpbronpakket met die kandidate te bemiddel. Kandidate sal egter nie toegelaat word om hierdie kopie van die hulpbronpakket tydens die skryf van die PAT te gebruik nie. Hulle sal 'n gedrukte kopie kry as deel van die assesseringspakket wat aan skole gestuur word.
- Om standaardisering van die PAT te verseker, sal onderwysers deur die provinsie/distrik opgelei word in die inligting, bemiddeling en bestuur van die PAT soos in hierdie dokument vervat word.
- Onderwysers moet toesien dat **PAT-bemiddeling plaasvind voordat daar met die graad 12-Toerisme-PAT begin word.** Die PAT-bemiddeling moet al die aspekte in AFDELING C (Bemiddeling van die PAT met kandidate) van hierdie dokument insluit.
- Die onderwysers sal die hulpbronpakket met die kandidate bemiddel voordat die PAT geskryf word.
- Die Toerisme-PAT bestaan uit TWEE gedeeltes, Dag 1 en Dag 2, wat geskeduleer moet word om op TWEE agtereenvolgende dae geskryf te word. Die datums sal deur die Departement van Basiese Onderwys (DBE) bepaal en gekommunikeer word.
- Die Dag 1- en Dag 2-PAT en 'n gedrukte kopie van die hulpbronpakket sal tydens die assesseringsessie uitgedeel word op die datums wat deur die DBE bepaal word.

- Elke kandidaat moet sy/haar eie eksemplaar van die PAT en hulpbronpakket hê. Die deel van hulpbronne en skryfbehoeftes sal NIE toegelaat word NIE.
- GEEN gedeelte van die amptelike 2023-Toerisme-PAT mag oorgetik, geredigeer of verander word NIE. Die DBE se logo mag NIE deur enige ander logo vervang word NIE.
- Die PAT moet onder gekontroleerde eksamentoestande gedoen word.
- Die PAT (wat uit TWEE dele bestaan) sal in 'n 8-uur-sessie gedoen word, wat oor twee dae van vier (4) ure elk versprei word. Die twee 4-uur-sessies moet op TWEE agtereenvolgende dae geskeduleer word.
- Elke 4-uur-assessering word in twee 2-uur-sessies ingedeel met 'n pouse tussen-in. Pousetye tussen sessies moet na goeddunke van die skool geïmplementeer word.
- GEEN kandidaat sal ekstra tyd gegun word vir Dag 1 of Dag 2 van die PAT as hy/sy nie die PAT in die toegelate tyd voltooi NIE (spesiale konsessies uitgesluit).
- Kandidate moet hulle werk indien voordat hulle die eksamenlokaal mag verlaat.
- Kandidate mag die eksamenlokaal verlaat wanneer die afdeling van die PAT vir daardie dag voltooi is.
- Beide assesseringsessies sal onder gekontroleerde eksamentoestande oor twee agtereenvolgende dae van vier (4) uur elk gedoen word.
- Die 2023-PAT sal op die datums wat deur DBE bepaal word, gedoen word.
- Alle PAT'e moet met die hand geskryf word.
- Kandidate sal nie toegelaat word om die hulpbronpakket wat vooraf bemiddel is of ander elektroniese of hardekopie-hulpbronne by die lokaal in te neem waar die PAT geskryf sal word nie. Slegs die hulpbronne wat in die amptelike PAT-pakket verskaf word, moet gebruik word. Onderwysers mag NIE template vir enige vrae in die PAT ontwikkel NIE.
- Die Toerisme-onderwyser mag NIE tydens die geskeduleerde PAT-sessies as toesighouer optree NIE.
- Kandidate wat NIE die PAT-sessie bywoon nie: Met of sonder 'n geldige rede sal in ooreenstemming met die *Nasionale Beleid met betrekking tot die Program- en Bevorderingsvereistes ('NPPPR')* en die *Nasionale Protokol vir Assessering (NPA)* hanteer word.

2.2 Die verantwoordelikheid van die provinsie, distrik en onderwyser

Dit is die verantwoordelikheid van die provinsie en die distrikte om die PAT'e en PAT-hulpbronpakkette te druk en toe te sien dat leerders dit op die onderskeie dae van die PAT-sessies deur hulle verspreidingskanale ontvang.

- Daar word van onderwysers verwag om die PAT-bemiddelingsplan (TOER05) te ontwikkel voordat daar met die PAT begin word.
- Om kandidate vir die PAT voor te berei, moet onderwysers die hulpbronpakket bemiddel VOOR die datums waarop die PAT geskryf word.
- Die PAT vir Dag 1 en Dag 2 word nie met leerders bemiddel nie. Die gedrukte hulpbronpakket en PAT vir Dag 1 en Dag 2 word EERS aan die begin van die onderskeie assesseringsessies aan kandidate uitgedeel.

Op **Dag 1** (Sessie 1) van die assessering moet ELKE kandidaat 'n afskrif ontvang van:
Die PAT vir Dag 1
Die hulpbronpakket

Op **Dag 2** (Sessie 2) van die assessering moet ELKE kandidaat 'n afskrif ontvang van:
Die PAT vir Dag 2
Die hulpbronpakket (dieselfde dokument wat tydens die vorige sessie gebruik is)

- Die PAT moet deur die onderwyser nagesien word voordat dit as bewys van die kandidaat se prestasie voorgelê word. Die onderwyser moet die assesserings-instrument (rubrieke) in die PAT-dokument en die amptelike PAT-nasienriglyne wat deur DBE verskaf is, gebruik om die kandidate se PAT'e na te sien.
- Die voltooide PAT moet by die skool gehou word vir interne en eksterne kontrole, monitering en moderering.

Dokumentasie:

Die onderwyser moet die nodige dokumentasie voltooi en onderteken soos deur die DBE vereis word:

1. Amptelike puntestaat (TOER01)
2. Amptelike modereringsinstrument (TOER02) – word tydens moderering gebruik
3. Verklaring (TOER04)
4. Die PAT-bemiddelingsplan (TOER05)

2.3 Riglyne vir die nasien van die PAT

Hierdie riglyne is SLEGS vir onderwysers bedoel.

2.3.1 Die hele PAT word met behulp van rubrieke nagesien. Onderwysers moet hulle professionele oordeel gebruik om te bepaal of die kandidaat aan die kriteria vir elke vraag voldoen het.

2.3.2 Onderwysers moet die assesseringsinstrument (rubriek) gebruik wat aan die einde van elke PAT, Dag 1 en Dag 2, aangeheg is om die kandidate se antwoorde na te sien.

2.3.3 'n Afsonderlike assesseringsinstrument moet vir elke kandidaat gebruik word. Maak seker dat die kandidaat se besonderhede op die instrument verskyn.

2.3.4 Die amptelike nasienriglyne (memorandum) vir die 2023 Toerisme PAT sal deur die DBE beskikbaar gestel word. Onderwysers word aangemoedig om hulle eie nasienaantekeninge op te stel. Dit sal help om die bedoeling van die vraag/vrae te verstaan wanneer hulle die PAT-nasienbemiddelingsessie bywoon. Die bemiddelingsessie sal voor die aanvang van die nasienproses plaasvind.

2.3.5 **Professionele oordeel**

Onderwysers moet hul professionele oordeel gebruik om die volgende te bepaal:

(a) Of die kandidaat aan die assesseringskriteria voldoen het
(b) Tot **watter mate** hy/sy aan die assesseringskriteria voldoen het

Prestasiekategorieë:

Glad nie bereik nie	Swak bereik	Gemiddeld bereik	Goed bereik

(c) Onderwysers moet dan die reeks punte in elke prestasiekategorie op die rubriek gebruik om te besluit watter punt aan 'n kandidaat toegeken moet word.

2.3.6 Na voltooiing van die nasienwerk moet onderwysers die punte vir alle vrae bymekaartel en die punt vir elke kandidaat op die amptelike puntestaat wat in hierdie dokument verskaf word (TOER01), aanteken.

2.3.7 Die PAT'e van alle kandidate moet veilig by die skool vir kontrolerings- en modereringsprosesse gestoor word.

2.4 Amptelike PAT-puntestaat

PAT-PUNTESTAAT – 2023 (TOER01)

Skool:	
Onderwyser:	

	NAAM VAN KANDIDAAT **Voorbeeld: Tambo, Johannes, CP** (Nie per klas nie – maak 'n alfabetiese lys van ALLE kandidate)	Laaste 3 syfers van eksamen-nommer	**DAG 1**	**DAG 2**	**TOTAAL**	**Gemodereerde punt (intern)**	**Gemodereerde punt (ekstern)**
			50	**50**	**100**	**100**	**100**
1.							
2.							
3.							
4.							
5.							
6.							
7.							
8.							
9.							
10.							
11.							
12.							
13.							
14.							
15.							
16.							
17.							
18.							
19.							
20.							
21.							
22.							
23.							
24.							
25.							

Handtekening: Onderwyser	
Datum:	
Handtekening: Moderator	
Datum:	

2.5 Moderering van die PAT

2.5.1 Die modereringsproses

Moderering, intern sowel as ekstern, sal verseker dat daar voldoen word aan die gehalte en standaard van die PAT, soos uiteengesit in die aangepaste Hoofstuk 4 van die KABV vir Toerisme ('Abridged Section 4 Amendments of the CAPS for Tourism').

PAT-portefeuljes sal lukraak deur DBE-amptenare geselekteer word.

Moderering sal op verskillende vlakke plaasvind.

Die modereringsinstrument wat verskaf word (TOER02), sal gebruik word om die nasien tydens die volgende vlakke van moderering te standaardiseer:

Vlak 1: Interne moderering
Vlak 2: Groep('Cluster')-moderering/'PLC'
Vlak 3: Distriksmoderering
Vlak 4: Provinsiale moderering
Vlak 5: Nasionale moderering
Vlak 6: Umalusi-moderering

Bewyse van die geskiedenis van moderering op die verskillende vlakke moet in die onderwyser se PAT-portefeulje geliasseer word.

Dit is die verantwoordelikheid van vakhoofde, departementshoofde, skoolhoofde en vakadviseurs om deurlopende moderering van die PAT te verseker.

Die PAT sal ekstern deur die DBE gemodereer word.

Umalusi kan provinsies en skole vir addisionele moderering identifiseer.

2.5.2 **Die amptelike PAT-modereringsinstrument (TOER02)**

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VLAKKE VAN MODERERING	✓
Skoolmoderering	
Groepsmoderering	
Distriksmoderering	
Provinsiale moderering	
DBE-moderering	

AMPTELIKE PAT-MODERERINGSINSTRUMENT VIR TOERISME

PROVINSIE	
DISTRIK	
NAAM VAN SKOOL	
ONDERWYSER	
MODERATOR	
MODERERINGSDATUM	

PAT MODERERING		
	100	
NAME VAN GESELEKTEERDE KANDIDATE	**O**	**M**
1.		
2.		
3.		
4.		
5.		
6.		
TOTAAL		
GEMIDDELD VAN VOORBEELD = (Totaal ÷ aantal geselekteerde kandidate)		
GEMIDDELDE VERSKIL (%)		

MONITERINGSAFDELING		JA	NEE	OPMERKING
1.	**ONDERWYSER**			
	Die PAT-pakket is beskikbaar.			
	Die PAT-bemiddelingsplan van die skool is beskikbaar.			
	Die amptelike nasienriglyne is beskikbaar.			
	Amptelike puntestaat			
	Voltooi en deur betrokke belanghebbendes onderteken.			
	Amptelike skoolstempel verskyn op puntestaat.			
	Alle kandidate het 'n punt vir PAT Dag 1 en PAT Dag 2.			
	Indien daar geen punte vir PAT Dag 1 of PAT Dag 2 is nie, is geldige bewyse/ redes vir afwesigheid hierby ingesluit.			
	Punte is korrek opgetel, aangeteken en op die amptelike puntestaat oorgedra.			
	Verklaringsvorm deur betrokke belanghebbendes onderteken.			
2.	**PAT-BEWYSE VAN KANDIDAAT**			
	PAT'e vir Dag 1 en Dag 2 is met die toepaslike assesseringsinstrument geassesseer.			
	Alle punte is korrek: Opgetel Aangeteken Oorgedra	☐ ☐ ☐		
3.	**MODERERINGSPROSES**			
	By modereringsdatum gehou.			
	Alle kandidate se PAT'e is volgens seleksie beskikbaar.			Aantal skrifte: _____
	Ongerymdhede is gedurende die modereringsproses bespeur.			Indien JA, gee besonderhede in die opmerking-afdeling op die volgende bladsy.
	Moderering is volgens nasionale beleid en riglyne gedoen.			
4.	**GEHALTE EN STANDAARD VAN DIE PAT**			
	Op grond van die waarnemings gedurende die modereringsessie en die moderering van die bewyse wat verskaf is, blyk dit dat die gehalte en standaard van die nasien van die PAT soos volg is:			

Uitstaande	Aanvaarbaar	Gedeeltelik aanvaarbaar	Onaanvaarbaar

RESULTATE VAN BEVINDINGE:			
1. Op grond van die monster wat gemodereer is, word die punte as geldig, billik en betroubaar sonder enige aanpassings aanvaar.			
2. Op grond van die monster wat gemodereer is, moet die PAT weer ingedien word.			
3. Op grond van die monster wat gemodereer is, is die punte soos volg aangepas:			
Opwaarts aangepas (Dui % aan)		**Afwaarts aangepas (Dui % aan)**	

OPMERKINGS

Handtekening: Onderwyser	Handtekening: Interne Moderator
Naam van onderwyser:	Naam van interne moderator:
Datum:	Datum:

Handtekening: Eksterne Moderator	
Naam van eksterne moderator:	
Datum:	

2.6 Bywoningsregisters (Dag 1 en Dag 2)

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

BYWONINGREGISTER (TOER03)
DAG 1

DATUM VAN ASSESSERING	
Provinsie	
Distrik	
Naam van skool	

NAME VAN KANDIDATE (Maak 'n alfabetiese lys van kandidate per klas.)		**DAG 1**
		Handtekening
1.		
2.		
3.		
4.		
5.		
6.		
7.		
8.		
9.		
10.		
11.		
12.		
13.		
14.		
15.		
16.		
17.		
18.		
19.		
20.		
21.		
22.		
23.		
24.		
25.		

HOOFTOESIGHOUER	**DATUM**

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

BYWONINGREGISTER (TOER03)
DAG 2

DATUM VAN ASSESSERING	
Provinsie	
Distrik	
Naam van skool	

NAME VAN KANDIDATE (Maak 'n alfabetiese lys van kandidate per klas.)		**DAG 2**
		Handtekening
1.		
2.		
3.		
4.		
5.		
6.		
7.		
8.		
9.		
10.		
11.		
12.		
13.		
14.		
15.		
16.		
17.		
18.		
19.		
20.		
21.		
22.		
23.		
24.		
25.		

HOOFTOESIGHOUER	**DATUM**

Kopiereg voorbehou

2.7 Verklaring

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERKLARING (TOER04)

NAAM VAN SKOOL:	
NAAM VAN ONDERWYSER:	

Hiermee verklaar ek dat:

- Ek die PAT met die kandidate bemiddel het voordat die PAT volgens die bemiddelingsdokument gedoen is.
- Ek alles in my vermoë gedoen het om te verseker dat kandidate die PAT begryp en aan die vereistes van die graad 12-PAT voldoen.
- Ek NIE tydens die geskeduleerde graad 12-PAT-sessies as toesighouer opgetree het NIE.
- Alle items wat in die PAT-skrifte vervat is, deur my nagesien is.
- Die punte wat aan kandidate toegeken is en op die puntestate oorgedra is, geldig, billik en betroubaar is.

HANDTEKENING: ONDERWYSER	DATUM

Na my wete is stellings hierbo waar.

Die bestuur van die skool het die skryfsessies vir Dag 1 en Dag 2 van die graad 12-PAT op TWEE agtereenvolgende dae geskeduleer.

HANDTEKENING: SKOOLHOOF	DATUM
Naam van die skoolhoof	

SKOOLSTEMPEL

2.8 PAT-bestuursplan-templaat

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PAT-BESTUURSPLAN-TEMPLAAT (TOER05)

NAAM VAN SKOOL:	
NAAM VAN ONDERWYSER:	

Klasse wat deur die onderwyser hierbo onderrig word, bv. 12A & 12C:	
Getal leerders wat hierbo aangedui is: (Tel al die leerders bymekaar)	
Datum(s) waarop die PAT met leerders bemiddel gaan word:	
Duur van die bemiddelingsessie(s) met leerders (in uur):	

DIE PAT-BEMIDDELINGSPROSES			
Die volgende onderwerpe sal met die leerders bemiddel word: **Verwysing: 2023 PAT-onderwyserriglyne** Die PAT-bemiddeling sal al die aspekte wat in AFDELING C van hierdie dokument (3.1–3.5 op bladsy 18 en 19) vervat is, insluit.			
		JA	**NEE**
1.	**Inleiding tot die PAT**		
2.	**Struktuur van die PAT**		
3.	**Tydraamwerke**		
4.	**Administrasie van die PAT**		
5.	**Afwesigheid/Nie-indiening van die PAT**		

SKOOLSTEMPEL

HANDTEKENING: ONDERWYSER | HANDTEKENING: SKOOLHOOF/ DEPARTEMENTSHOOF | DATUM

AFDELING C

3. BEMIDDELING VAN DIE PAT MET KANDIDATE

Onderwysers moet toesien dat vaardighede en PAT-bemiddeling onderrig word voordat daar met die graad 12-Toerisme-PAT begin word. Die PAT-bemiddeling moet al die aspekte in hierdie afdeling (3.1–3.5) van hierdie dokument insluit.

3.1 Inleiding tot die PAT

- Die PAT is 'n verpligte komponent van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen en dra by tot die finale promosiepunt.
- Kandidate wat nie aan die vereistes van die PAT voldoen nie, sal NIE 'n uitslag in Toerisme ontvang NIE, in ooreenstemming met die *Nasionale Beleid met betrekking tot die Program- en Bevorderingsvereistes ('NPPPR').* Verwys ook na 2.1.2 en 3.5 in hierdie dokument.
- Die PAT assesseer die kandidate se praktiese vaardighede in die vak.
- Die PAT is ontwikkel om die kandidate se toepassing van inhoud en vaardighede van die konsepte vanaf Graad 10 tot 12 in te sluit.
- Die vaardigheid om kennis en begrip van inhoud toe te pas, vereis hoërorde-denke. Leerders moet oefen hoe om hoërorde-denke in praktiese aktiwiteite ter voorbereiding vir die PAT toe te pas en te implementeer.
- Die PAT sal gedurende skoolure onder gekontroleerde eksamentoestande gedoen word.
- Die hulpbronpakket sal, voordat die PAT geskryf word, met die leerders bemiddel word.

3.2 Struktuur van die PAT

- In die assesseringslokaal sal elke kandidaat 'n PAT-pakket en 'n antwoordeboek ontvang.
- **Die graad 12 PAT-kandidaatpakket sal bestaan uit:**
  - Die 2023 PAT vir graad 12 (Dag 1 Sessie 1 en Dag 2 Sessie 2)
  - 'n Hulpbronpakket
- Die PAT bestaan uit twee gedeeltes wat oor twee agtereenvolgende dae, Dag 1 en Dag 2, geskeduleer is.
- Dieselfde hulpbronpakket sal op Dag 1 en Dag 2 vir die PAT gebruik word.
- ALLE vrae in die PAT is VERPLIGTEND.
- Alle kandidate se antwoorde moet met die hand geskryf word in die A4-antwoordeboek wat deur die skool verskaf word.

3.3 Tydraamwerke

- Die PAT word in TWEE 4-uur sessies aangebied, opgedeel in twee 2-uur-sessies per dag wat oor twee agtereenvolgende dae geskeduleer is.
- Daar sal van kandidate verwag word om die PAT vir Dag 1 op die eerste dag te voltooi en die PAT vir Dag 2 op die tweede dag.
- Die PAT moet op die geskeduleerde dag voltooi word. Daar sal GEEN verlenging van die tyd wees NIE. Konsessies wat aan kandidate met spesiale behoeftes toegeken word, is ook op die PAT van toepassing.
- Elke dag se 4-uur-sessie sal uit twee 2-uur-sessies bestaan.
- Kandidate sal na goeddunke van die skool 'n pouse tussen sessies kry.

Voorbeeld:
Dag 1: 2 ure + 30 min.-pouse + 2 ure
Dag 2: 2 ure + 30 min.-pouse + 2 ure

3.4 Administrasie van die PAT

Kandidate moet op Dag 1 en Dag 2 by die assesseringslokaal aanmeld.

Kandidate moet die volgende skryfbehoeftes vir die PAT-sessies hê:

- Penne
- Potlode/Uitveër
- Liniaal
- Kleurpotlode/Viltpenne
- Uitligters/Glimpenne ('Highlighters')
- Sakrekenaars/Nie-programmeerbare sakrekenaars

LET WEL: Die leen van skryfbehoeftes sal NIE in die assesseringslokaal toegelaat word NIE.

- Kandidate sal NIE toegelaat word om die bemiddelde hulpbronpakket of ander elektroniese of hardekopie-hulpbronne na die PAT-lokaal te neem nie. Slegs die hulpbronne wat in die amptelike PAT-pakket (Dag 1, Dag 2 en die hulpbronpakket) verskaf is, moet gebruik word.
- GEEN elektroniese toerusting (rekenaars, skootrekenaars, selfone, internettoegang) word vir hierdie PAT toegelaat NIE.
- Die antwoordeboek sal deur die skool verskaf word.
- Wanneer kandidate die PAT-pakket vir die dag ontvang, moet hulle seker maak dat alle bladsye ingesluit is. Kandidate moet 10-minute leestyd kry.
- Wanneer kandidate ná 10 minute met die inhoud vertroud is, kan hulle begin om die PAT-vrae te beantwoord. Kandidate moet na die betrokke bylaes in die hulpbronpakket verwys om die vrae te beantwoord.
- Kandidate moet na die rubrieke aan die einde van elke PAT verwys as riglyn en hulle antwoorde daarvolgens beplan.
- Daar word aanbeveel dat kandidate voldoen aan die tydraamwerke wat per vraag verskaf word. Die tydraamwerke sluit die raadpleging van die hulpbron en die voltooiing van die vraag in.
- Daar word aanbeveel dat die kandidate die PAT'e in dieselfde volgorde as die vrae aanbied.
- Rofwerk kan agter in die boek gedoen word.
- Werk wat nie nagesien moet word nie, moet deurgehaal word.
- GEEN bladsye mag uit die antwoordeboek geskeur word NIE.
- Kandidate moet aan die einde van elke assesseringsessie elke dag die PAT, die hulpbronpakket en die antwoordeboek inlewer.

3.5 Afwesigheid/Nie-indiening van die PAT

Kandidate, ouers en belanghebbendes in die onderwys moet kennis neem van die feit dat die PAT 'n verpligte komponent van die vak is.

Kandidate wat nie die PAT-sessies bygewoon het nie, met of sonder 'n geldige rede, sal in ooreenstemming met die *Nasionale Beleid met betrekking tot die Program- en Bevorderingsvereistes ('NPPPR')* en die *Nasionale Protokol vir Assessering (NPA)*, hanteer word.

Dit is dus noodsaaklik dat die geskeduleerde assesseringsdatums vroegtydig aan beide die ouers en die kandidate oorgedra word.

AFDELING D

4. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te demonstreer; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en bied hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te raak.

Kopiereg voorbehou